Predikante Pensioenfonds – Lewensfase modelle
Inligting soos op 30 November 2019*

[*Detail verslae word gewoonlik in die tweede helfte van die volgende maand ontvang. Die syfers soos op 30 November 2019 is soos dit net voor Kersfees 2019 ontvang is.]

LEWENSFASE MODELLE

1. Elke PPF-lid se pensioenfonds bydraes word in ’n spesifieke **lewensfase model** belê. Daar is drie lewensfase modelle:
   - Opsie 1: ’n **Verstek** lewensfase model.
   - Opsie 2: ’n Lewensfase model vir ’n **lewende annuïteit**.
   - Opsie 3: ’n Model volgens **eie keuse**.

   Lede is OUTOMATIES in die verstek model (Opsie 1).

   Lede kan KIES om na die lewensfase model vir ’n lewende annuïteit oor te skuif (Opsie 2).

   Lede kan ook hulle eie model saamstel deur ’n keuse van portefeuljes en die blootstelling aan elkeen te maak (Opsie 3).

PORTEFEULJES

2. Elke lewensfase model bestaan uit ’n bepaalde **portefeulje** of ’n **kombinasie** van portefeuljes. Soos wat lede naderkom aan hulle aftrede, verander die blootstelling aan die verskillende portefeuljes in ’n spesifieke model. Die drie portefeuljes is:
   - **Langtermyn** portefeulje
   - **Konserwatiewe** portefeulje
   - **Inkomstebeskerming** portefeulje

   Lede wat Opsie 3 (sien paragraaf 1) se eie keuse lewensfase model gekies het, kan ’n keuse uitoefen ten opsigte van die portefeulje of kombinasie van portefeuljes waarin hulle pensioenfonds bydraes belê word.

BATEKLASSE

3. Elke portefeulje bestaan uit ’n kombinasie van **bateklasse** [Sien paragraaf 10 hier onder]. Verskillende **beleggingshuise** word gebruik om die verskillende bateklasse te bestuur.

   Lede het nie ’n keuse ten opsigte van spesifieke maatskappye of beleggingshuise nie. Lede wat Opsie 3 (sien paragraaf 1) se eie keuse lewensfase model gekies het, het wel ’n keuse ten opsigte van die portefeulje of kombinasie van portefeuljes waarin hulle pensioenfonds bydraes belê word.

4. Dit verskillende bateklasse kan soos volg opgesom word:

Bateklasse	**Beleggingshuise**
Suid-Afrikaanse Aandele (“*equities*”)	Allan Gray, Abax en Coronation
Suid-Afrikaanse Eiendom	Metope en Sesfikile
Suid-Afrikaanse Effekte (“*bonds*”)	Investec (Flexible Bonds, Credit Opportunities, Credit Income en IL Bonds) en Ou Mutual LDI
Suid-Afrikaanse Kontant	Investec (Money Market)
Buitelandse Aandele (“*equities*”)	State Street, Sygnia
Buitelandse Eiendom	Resolution Capital
Buitelandse Effekte (“*bonds*”)	PIMCO
Multi-bate	Sanlam

5. PPF-lede kan enige tyd – en soveel keer as wat hulle wil – van lewensfase model verander. Lede kan ook by Opsie 3 (eie keuse) enige tyd aan die samestelling van die model (portefeuljes) verander.

   Elke verandering deur die lid aangevra kos tans **R399,00** (BTW ingesluit). Hierdie koste word van ’n lid se fondswaarde verhaal en word jaarliks deur Alexander Forbes hersien. Veranderinge word maandeliks op ’n lid se keuse van model toegepas. ’n Opdrag wat voor die einde van ’n maand ontvang word, sal vanaf die daaropvolgende maand gedoen word. Waar veranderinge aan die blootstelling aan ’n portefeulje oor die jare verander (volgens die model se samestelling) is die wysiging **gratis**. Koste is dus slegs ’n faktor as die lid van model verander en elke keer as hy in Opsie 3 aan die samestelling van die model verander.

6. Lede moet hulle beleggingskeuse op die voorgeskrewe vorm van Alexander Forbes doen. Kry die vorm op die PPF se webblad (https://www.ppfkaapkerk.co.za) of vra een by die pensioenkantoor aan. Hierdie vorm moet dan (na voltooiing) weer na die pensioenkantoor gestuur word (per e-pos, per faks of per hand).
   Die direkte skakel is: http://ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/V_Beleggingskeuses.pdf

   KONTAK BESONDERHEDE
   Pensioenkantoor se telefoon: **021 957 7115** (Elodie van der Walt)
   E-pos: pensioen@kaapkerk.co.za of faks: **086 524 7153**
   Navrae kan ook aan Bossie Minnaar of Kenny Raats by **021 957 7104** gerig word.

7. Alexander Forbes moet skriftelik (via die pensioenkantoor) bevestig dat die lid se keusevorm ontvang is. Indien die lid geen reaksie kry nie, moet die lid dit asseblief dringend met die pensioenkantoor (**021 957 7115**) opvolg.

8. PPF-lede kan (by Opsie 3) ook ’n keuse maak ten opsigte van hulle bestaande fondskrediet (geld wat hulle reeds in ’n spesifieke portefeulje belê is) en die bydraes wat nog gemaak gaan word. So sou die lid kon aandui dat die fondskrediet wat reeds opgebou is, in die konserwatiewe portefeulje belê moet word, maar vra dat die nuwe bydraes (wat nog ingevorder gaan word) in die langtermyn portefeulje belê moet word. Hierdie keuse is slegs moontlik by Opsie 3 (eie keuse).

9. Die verskillende **modelle** word as volg saamgestel uit die verskillende **portefeuljes:**

9.1 Verstek Lewensfase Model

Jare voor aftrede	Langtermyn portefeulje	Konserwatiewe portefeulje	Inkomstebeskerming portefeulje
8 jaar +	100%	-	
7 jaar	80%	20%	
6 jaar	60%	40%	
5 jaar	40%	60%	
4 jaar	20%	80%	
3 jaar	-	100%	
2 jaar	-	50%	50%
1 jaar	-	-	100%



Omdat die skuiwe elke maand gemaak word, lyk die grafiek eintlik as volg:



9.2 Lewensfase Model vir ’n Lewende Annuïteit





9.3 Vrye Keuse Model

In hierdie model kan die lid self kies watter persentasie in watter **portefeulje** moet wees. Lede kan die portefeuljes kies – nie die beleggingshuis (Abax, Allan Gray) of die bateklasse (aandele, effekte, kontant) nie.

BELEGGINGSPORTEFEULJE		**"A"** **% Fondskrediet**	**"B"** **% Toekomstige Bydraes**
Langtermyn Portefeulje			
Konserwatiewe Portefeulje			
Inkomstebeskerming Portefeulje (Geldmark)			
TOTAAL		**100%**	**100%**

10. Bateklasse in die verskillende portefeuljes

Ondergenoemde persentasies is die huidige gekose strategiese bate allokasie. Dit is dus die riglyn. Soos die mark beweeg, kan die persentasies verander. Regstellings word van tyd tot tyd gemaak ten einde binne die strategiese bate allokasie te bly. Die huidige (30 November 2019) werklike bate allokasie word in die tweede kolom gegee.

10.1 Langtermyn portefeulje

Bateklas	**Strategies**	**Werklik**
SA Aandele ("*Equities*")	46,0%	44,7%
SA Eiendom ("*Property*")	6,0%	4,7%
SA Effekte ("*Bonds*")	15,0%	14,4%
SA Krediet ("*Credit*")	5,0%	5,2%
Internasionale Aandele DM	19,8%	21,7%
Internasionale Aandele EM	2,2%	2,4%
Internasionale Eiendom	3,0%	3,7%
Internasionale Effekte	3,0%	3,1%



10.2 Inkomstebeskermings portefeulje

Bateklas	**Strategies**	**Werklik**
SA Krediet ("*Credit*")	70%	70,0%
SA Kontant ("*Cash*")	30%	30,0%

10.3 Konserwatiewe portefeulje

Bateklas	Strategies	Werklik
SA Aandele (“*Equities*”)	22%	21,5%
SA Eiendom (“*Property*”)	6%	4,7%
SA Krediet (“*Credit*”)	30%	29,5%
SA Kontant (“*Cash*”)	20%	19,3%
Internasionale Aandele DM	17,1%	19,1%
Internasionale Aandele EM	1,9%	2,1%
Internasionale Eiendom	3,0%	3,8%



10.4 Opsommende grafiek van die bateklasse in die verskillende portefeuljes



11. Aandele Bestuurders

Die PPF maak gebruik van drie beleggingshuise om die Suid-Afrikaanse aandele te bestuur. Die spesifieke beleggingsbestuurders het verskillende benaderinge en bied dus ’n goeie diversifikasie in die PPF se aandele blootstelling. Die spesifieke beleggingsbestuurders se keuse van aandele (en die persentasie blootstelling aan elkeen), wissel gedurig, soos wat die mark beweeg. Die drie bestuurders se prestasie oor die afgelope jaar, vyf jaar, sewe jaar en vanaf die begin in 2005 (geannualiseer) word in die volgende tabel gegee (Opbrengs soos op **30 November 2019).**

Die maatstaf is die FTSE/JSE Capped Index (CAPI). Die tabel toon hoe die beleggingshuise oor die korttermyn verskil, maar oor die langer termyn feitlik kop-aan-kop presteer. Die "slagting" van 2018 het min effek op die afgelope 14 jaar se prestasie.

Fondsbestuurder	1 Jaar	5 Jaar	7 Jaar	Vanaf Okt 2005 (14j, 2 mde)
Allan Gray	5,4%	4,9%	8,9%	13,0%
Abax	4,5%	3,0%	7,9%	12,0%
Coronation	12,3%	3,0%	8,1%	12,6%
Maatstaf (CAPI)	**11,8%**	**5,0%**	**8,6%**	**12,1%**

12. Eiendom Bestuurders

Die PPF het sedert Julie 2014 twee fondsbestuurders in Suid-Afrikaanse eiendom. Dit is Metope en Sesfikile. Die eerste jaar het goed gegaan. Die afgelope drie jaar sukkel eiendom, maar die maatstaf (J803T ALPI) word nog steeds uitpresteer.

Fondsbestuurder	1 Jaar	3 Jaar	5 Jaar	Vanaf Julie 2014 (5 jr, 4 maande)
Metope	0,4%	(1,3%)	2,7%	5,1%
Sesfikile	3,7%	1,4%	4,9%	7,5%
Maatstaf (J803T)	**(0,1%)**	**(3,5%)**	**0,7%**	**3,4%**

13. Opbrengs

Die verskillende portefeuljes se opbrengste kan – as gevolg van 'n besonder wisselende mark – taamlik vinnig verander. Onderstaande is die opbrengs soos gemeet oor 'n jaar (1 Desember 2018 tot 30 November 2019) en die ander aangeduide termyne (geannualiseer):

Portefeulje	1 Jaar	3 Jaar	5 Jaar	8 Jaar
Langtermyn	11,2%	7,1%	7,1%	10,8%
Konserwatief	10,9%	8,4%	8,3%	10,3%
Inkomstebeskerming	8,6%	8,9%	8,5%	7,8%

14. Vrywaring

Hierdie dokument is gegrond op inligting soos wat dit op 21 Desember 2019 aan my bekend was. Dit bied nie finansiële advies nie. Dit dien slegs om die verskillende modelle en die portefeuljes te verduidelik (soos dit op 30 November 2019 gelyk het). Die Beleggings-bestuurders kan enige tyd hulle aandele blootstelling wysig (binne bepaalde raamwerke). Die opbrengs in Punt 13 is historiese opbrengste. Daar is geen waarborg dat hierdie opbrengs in die toekoms herhaal sal word nie. Dit wys egter ook duidelik hoe die lang-termyn portefeulje en byvoorbeeld die inkomstebeskerming portefeulje se opbrengste verskil. Die Trustees van die PPF kan ook die strategiese bate allokasie verander. Lede van die PPF word dus aangeraai om van kundige finansiële adviseurs gebruik te maak en om die nuutste inligting van die pensioenkantoor aan te vra, voordat finansiële besluite geneem word.

Ds Bossie Minnaar
Hoofbeampte: PPF